# Wanneer ek swak is

3 September 2001

Swakheid is nie juis die gewildste of mees gesogte eienskap nie en swakkelinge word gewoonlik bespot of op neergesien. Die lelike of nietige mense word nie in advertensies gebruik nie – wat beteken dat slegs ‛n klein minderheid die groot skerms haal. Die groter meerderheid van ons is net gemiddeld – vanuit die wêreld se oogpunt natuurlik.

**Paulus se swakheid**

Die Apostel Paulus skryf gereeld van sy eie swakheid.

> *1Kor 2:3 "Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing."*

In 1Korinthiërs 4:9-13 praat hy van *"'n skouspel geword vir die wêreld ... ons is swak ... in oneer ... honger en dors ... naak ... geslaan ... swerwe rond ... uitgeskel ... vervolg ... belaster ... uitvaagsels van die wêreld ... afskraapsel van almal ..."*

Sjoe, hierdie dinge is niks om oor opgewonde te raak nie!

Hy skryf verder dat Christus *"gekruisig is uit swakheid" (2Korinthiërs 13:4)*, en sê dan verder, *"want ons is bly as ons swak is maar julle sterk ..." (vers 9).*

Ek sal dit aan die teoloë laat om te besluit wat daardie swakheid was waarvan Paulus gepraat het, maar wat ek wel weet, is dat Paulus ‛n diep stelling in 2Korinthiërs 2:10 maak: *"Daarom het ek behae in swakhede, in*

*mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk."*

Hierdie stelling volg kort ná sy versoek aan die Here om die doring in sy vlees te verwyder – hierdie swakheid – waarop God geantwoord het, *"My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."*

Let op Paulus se onmiddellike reaksie op God se antwoord, *"Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon."* Paulus is tevrede. Hy aanvaar sy situasie en leef daarmee saam.

**Wat is swakheid?**

Wat is swakheid? In Paulus se geval, onder andere, was dit dat soveel mense hom gehaat en probeer doodmaak het. Stel jou die emosionele spanning voor om oral waar jy gaan deur almal gehaat en vervolg te word. Maar kom ons beskou ander gebiede van swakheid.

Ek het by ʽn vulstasie stilgehou om brandstof in te gooi. Terwyl ek daar sit, het ʽn bedelaar in vodde geklee na my gekom en my vir geld vir brood gevra. Hy was nie arrogant nie. Sy hele houding het gedui op volslae nederigheid. Voor my het ʽn maer, sieklike man gestaan. Hy kon nie eise stel nie; hy kon slegs bedel. Hy was niks, en het niks gehad nie. Dit is swakheid!

Ek het al menigmaal langs siekbeddens gestaan en kyk hoe mense ly, en daar was niks wat ek of die mediese wetenskap vir hulle kon doen nie. Dit is swakheid. Ek was al dikwels gevra om vir onvrugbare vroue te bid wat desperaat was om ʽn kind te hê. Hulle het alles probeer en niks wou werk nie. Wanneer ek in daardie vroue se

oë kyk, sien ek swak, desperate vroue wat uitroep om hulp.

Dan is daar finansiële swakheid – *"Ons kom eenvoudig nie met ons geld uit nie,"* vertel die werknemer my. Hy is desperaat en swak. So gaan die lys voort. Gebroke huise, mense wat 'n stryd met versoekings het, ens. Ek hoor die noodkrete van soveel mense en in uiterste desperaatheid roep ek tot die Here uit, *"Hoe kan ek hulle help, wat kan ek doen? Die oes is so groot, maar die arbeiders is so min."*

**Die helde van geloof**

Dan word ek aan daardie Skrifgedeelte in Hebreërs 11 herinner – u ken daardie een – die een wat handel oor die helde van geloof, die groot manne en vroue van die Bybel. *"Maar Here, ek is nie groot nie. Ek woon in 'n klein, onbelangrike dorpie in 'n arm land. Wat kan ek doen?"* Op daardie oomblik wys die Here my iets. Aan die einde van 'n lang lys van dinge wat hierdie manne en vroue vermag het, vind ons hierdie vers wat verwys na die meeste, indien nie almal, van hierdie mense wat *"krag uit swakheid ontvang het ..."* Ek het skielik besef dat die gemeenskaplike element in al hierdie *"helde"* was dat hulle uit *swakheid* moes opstaan.

Beskou *Moses se moeder*. Dames, dink vir 'n oomblik hoe julle sou voel. Neem jou kosbare bondeltjie vreugde, jou babatjie, plaas hom in 'n biesiemandjie op die bank van die Nyl rivier. En dan stoot jy die mandjie saggies maar ferm van jou af weg vir die Nyl om dit weg te voer see toe. Dink jy sy het op daardie oomblik sterk gevoel? Ek dink nie so nie. Ek stel my voor sy het omgedraai en

huistoe gehardloop, op haar bed geval, haar kop in haar kussing gedruk en bitterlik gehuil.

Nietemin het sy eerder haar kind aan God op die gevaarlike Nylrivier toevertrou, as om hom te laat doodmaak deur die bose Farao se edik gehoorsaam te wees. Die Bybel noem hierdie daad van haar 'n daad van geloof en dit word onder die *"helde"* van geloof opgeskryf.

Ek het skielik besef dat God nie grootheid van ons vereis nie, maar eerder ons *kinderlike vertroue*. Ek is nou al vir baie jare 'n prediker van geloof, maar ek kom dikwels my eie *uiterste swakheid* in situasies teë. Die kere wat ek gepoog het om groot dinge vir God te vermag, het nie regtig so goed uitgewerk nie. Maar ek kan getuig van baie wonderwerke wat God vir my en deur my gedoen het wanneer ek op my laagste punt was en in my desperaatheid na God uitgeroep het, net *soos 'n jong kind na sy vader*.

**Nietige mense**

Mense, u hoef nie 'n groot persoon te wees om gehoor te word nie. Die groot en belangrike Fariseër het 'n goed-verwoorde gebed gebid oor hoe groot hy was en wat hy alles gedoen het. Die tollenaar kon egter nie eers sy hoof na die hemel toe oplig nie, hy het te skuldig gevoel oor sy eie ellende. Hy het eenvoudig uitgeroep, *"God, wees my, 'n sondaar, genadig."* Jesus het opgemerk dat die tollenaar eerder as die Fariseër geregverdig huis toe gegaan het – God het sy eenvoudige uitroep om hulp gehoor.

Hier is ek ook – net so nietig. Miskien voel jy dieselfde – klein en onbelangrik. God hoor die *sagste fluister en noodkreet*. Jy kan ook uit swakheid sterk gemaak word. Jou huwelik kan genees word. Jou besigheid kan heel gemaak word. Daar is êrens 'n werk vir jou, meneer. Hy is die Een wat in ons behoeftes voorsien. Ja, jy kan Hom vertrou. Hy is 'n wonderlike, liefdevolle God wat die noodkreet van die behoeftige hoor.

Jesaja skryf aan die onvrugbare:

> *Jes 54:1 "Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê die Here"*

Daardie is 'n kreet van geloof. Dit is die onvrugbare vrou wat hier jubel – met ander woorde sy het nog nie haar kind ontvang nie. Maar in geloof jubel sy. Uit haar swakheid word sy sterk gemaak – net soos Hanna, Samuel se ma toe sy opgestaan het van haar gebed.

> *1Sam 1:18 "... die vrou het toe haar weg gegaan, en sy het geëet en haar **aangesig was anders**."*

Sy was nog nie eers by haar man gewees nie, maar in haar hart het sy reeds haar kind in geloof ontvang. Haar *"aangesig was anders"*.

En daardie kind was Samuel, wie 'n groot profeet van Israel geword het. Dit was hierdie selfde Samuel wat die skaapwagter, Dawid, gesalf het om koning te word, en Jesus is uit die afstamming van Dawid gebore. Wat 'n nalatenskap het hierdie onvrugbare vrou nagelaat, sy wat te midde van bespotlike onmoontlikheid gebid en

geglo het. Haar geloof was deel van die fondasie wat vir die komende Koning van konings gelê is. Hoe wonderlik is dit nie! Die koninkryk van God is verseker op ‘n klein en nietige mostertsaadjie van geloof gebou.

Gaan op jou weg, liewe vriend. Rus in sy liefdevolle arms van genade. Hy het jou lief en wil jou sy kind maak. Jy kan Hom met vrymoedigheid vertrou!

Met liefde aan julle elkeen,

*Henry D Jackson*